



Laerskool KENRIDGE Primary School

Van Riebeecklaan / Van Riebeeck Avenue, KENRIDGE, 7550 | Tel: 021 976 3046/7 | Fax/Faks: 021 975 1312
www.kenridgeprimary.co.za

Every child Every chance Every day | Elke kind Elke kans Elke dag | Wonke umntwana Lonke ixesha Yonke imihla

15 Oktober 2020

Geagte Ouers

Ons is opgewonde om aan te kondig dat ons aanlyn skoolwinkel geloods is. U kan nou aanlyn aankope doen en ook 'n tydgleuf bespreek om u bestelling af te haal. Deur 'n tydgleuf te bespreek, kan ons verseker dat die noodsaaklike veiligheidsprotokols gehandhaaf word.

Daar is drie betaalopsies beskikbaar:

Opsie 1: E-oorplasing (EFT) aanlynbestelling:

- Sodra u aanlynbestelling voltooi is, sal u 'n **bestelnommer** via 'n e-pos ontvang. Hierdie nommer moet as **verwysing** vir u deposito gebruik word.
- Die **betaling** sal deur die rekening kantoor **bevestig** word. Dit mag tot drie werksdae neem.
- Die bestelling sal dan verwerk word en u sal 'n **kennisgewing** ontvang om u **bestelling af te haal**.
- Wanneer u hierdie kennisgewing ontvang, moet u op die "appointment"-blad op die webtuiste klik om die mees gerieflike tydsgleuf vir die optel van u bestelling te bespreek.

Hierdie opsie sal u gemoedsrus gee, omdat u dan weet dat die voorraad aan u toegeken is en dat dit na die skoolvakansie gereed is vir om afgehaal te word.

Opsie 2: Kredietkaartbestelling

- Voltooi u aanlynbestelling en kies die kredietkaartbetaling opsie.
- Laat asseblief 24 uur toe vir terugvoer.
- Gaan na die "appointment"-blad op die webtuiste en klik op die mees gerieflike tydsgleuf vir die **optel en betaling van u bestelling**.
- Let asseblief op dat items wat nie binne 2 werksdae na die bevestiging van 'n bestelling afgehaal word nie, terugbesorg sal word aan die winkel se voorraad.

Opsie 3: Kontantaankope in die winkel:

- Skeduleer u afspraak.
- Gaan na die "appointment"-blad op die webtuiste en klik op die mees gerieflike tydsgleuf vir die optel en betaling van u bestelling.

In tye gedurende die verkooperiode, waar groot druk op die stelsel geplaas word, kan dit moeilik wees om die afsprake, as gevolg van verhoogde volumes, te bestuur. Wees asseblief geduldig terwyl ons saamwerk om maandelike verdragings op te los. Vir 'n vinnige oplossing kan u 'n boodskap aan ons kliëntediens WhatsApp-nommer (065 194 9543) stuur deur u naam en van, die bestelnommer en u navraag in te sluit. Kommunikasie sal gedurende hierdie periode noodsaaklik wees. Ons streef daarna om binne 24 - 48 uur alle kontakversoeke gedurende die skoolkwartaal te erken.

Vir aanlyn-inkopies:

Gaan na Laerskool Kenridge se webtuiste: www.kenridgeprimary.co.za.

Kies die Aanlyn Skoolwinkel ikoon op die tuisblad.



Afsprake vir werkende ouers is op Woensdagaande vanaf 17:30 en op die eerste Saterdag van elke maand vanaf 08:00 tot 09:00 beskikbaar. Stuur asseblief 'n boodskap via WhatsApp (065 194 9543) of skakel ons kantoor nommer (021 976 3046, uitbreiding 3) om u afspraak te skeduleer.

Onthou asseblief dat die bespreking van 'n tydsgleuf ons in staat stel om die nodige sosiale afstand protokols te handhaaf. 'n Verbeurde tydsgleuf sal herskeduleer moet word.

Dit is moontlik om goedere terug te gee of om dit om te ruil, mits dit binne 30 dae vanaf die aankoop daarvan plaasvind en op voorwaarde dat:

- Die oorspronklike faktuur as bewys van aankoop beskikbaar is.
- Die item(s) in die oorspronklike toestand is.
- Die item(s) in die oorspronklike verpakking is.

Verseker asseblief dat al u aankope korrek op u faktuur uiteengesit is. Die teruggee van items sal slegs aanvaar word soos dit in u kwitansie / faktuur uiteengesit is.

Maak asseblief 'n om items terug te gee of om hulle om te ruil.

Wees asseblief bewus van die volgende wanneer u die skoolwinkel besoek:

- Leerders mag nie klere aanpas nie.
- Besoeke aan die skoolwinkel is alleenlik per afspraak – slegs een ouer en kind word op 'n slag in die winkel toegelaat.
- Wanneer u die winkel besoek moet u u hande reinig, 'n masker dra, die Covid-19 siftingsvraelys voltooi en u temperatuur laat neem.

Ons sien uit na enige opbouende terugvoer rakende u aanlyn-inkopie ervaring.

Die uwe



Catheryn Duggan
Skoolwinkel